# Welkom by
# NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

**Maak ons instrumente van U vrede!**

# Votum



# Seëngroet





# FLAM 119

Ons aanvaar jou
met die liefde van ons Heer:
daar is vrede
waar sy liefde ons regeer.
Mag dan hul wat sien
dat jy die Here dien
ook begeer om van sy liefde
meer te leer.

# FLAM 119

Ons aanvaar jou
met die liefde van ons Heer:
daar is vrede
waar sy liefde ons regeer.
Mag dan hul wat sien
dat jy die Here dien
ook begeer om van sy liefde
meer te leer.

**VONKK 345:1**

**Seën ons huisgesinne, Heer,
waar ons lewe tot u eer.
Maak ons huise tog, o God,
ruimtes waar ons heel kan word.
Laat die mense om ons sien
dat ons saam die Here dien.
Seën ons huis, ons almal saam,
bid ons in Jesus Naam.**

## VONKK 345:2

Seën die pa's wat keer op keer
hul gesinne van U leer,
wat met voorbeeld en met daad
altyd lei met wyse raad.
Mag hul kinders by hul leer
van u liefde, grote Heer.
Mag hul hart u hart vertoon,
u vrede in hul woon.

## VONKK 345:3

Seën die ma's wat elke dag
voed en sorg tot in die nag,
wat met voorbeeld liefde toon
in ’n huis waar vrede woon.
Waar hul by hul kinders sit
en hul leer om self te bid,
laat hul liefde en hul trou
in hul kinders ook ontvou.

# Efesiërs 2:11-22







# Vasgemaak aan Christus

# Efesiërs 2:11-22



11. Hou dan in gedagte wat julle vroeër was. Van geboorte was julle heidene, en julle is “onbesnedenes” genoem deur dié wat hulleself “die besnedenes” noem, al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam. 12. In dié tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld.

13. **Maar nou is julle een met Christus Jesus**. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus. 14. **Christus is ons vrede**, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, **een gemaak** het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die **vyandskap afgebreek** wat vroeër **soos 'n muur skeiding gemaak het**.

15. Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, **tot een nuwe mensheid verenig**. 16. Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en **tot een liggaam verenig**. 17. Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van **vrede** gebring: **vrede** vir julle wat ver van God was, **vrede** ook vir dié wat naby was. 18. Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.

19. Julle is dus **nie meer ver van God af** nie, **nie bywoners nie**, maar **medeburgers** van die gelowiges en lede van die **huisgesin van God**. 20. Julle is 'n **gebou** wat opgerig is opdie fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is.

21. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n **heilige tempel** vir die Here, 22. in wie julle ook saam opgebou word as 'n **geestelike huis** **waarin God woon**.



...die feit dat die heidense hoorders nie alleen van vrede gehoor het nie, maar dit ook gesien het.

...die onderlinge verhoudings, sorg, liefde, genade en hoe konflik hanteer is

# Waaraan kan die sukses van die Vroeë-kerk toegeskryf word?

**Die geheim is die Heilige Gees**



Nou kon almal in Romeinse stede met hul eie oë sien:

- Jood en nie-Jood aanbid saam
- Die vredesboodskap is nie net praatjies nie
- Hier was ware vrede tussen vyandige groepe

Jode en nie-Jode het nie gemeng nie

Maar iets het verander!

Tog is daar ander soorte ‘*vyandskap*’ of ongemak:

- Families, finansiële posisie, generasies, beroepe, intelligensie, politieke oortuigings, verskillende rasse, klasse, persoonlikhede

# Ons ken nie vandag dáárdie vyandskap

# In ons teks hoor ons...



direk

*Paulus het hierdie vyandskap gesien en direk aangespreek*

Hoekom was dit vir hom belangrik?

# Christus het nuwe bedeling gebring:


## Vrede - shalom

Your text here

Heelheid, herstel, harmonie, orde, menslike florering, herstelde verhoudings, vergifnis en ‘n lewe soos God dit bedoel het.

Alles is weer op sy regte plek onder God se heerskappy


Die kerk het nie net vrede ontvang nie,
maar word in hierdie vrede *ingetrek*
"*Christus is ons vrede…*"
Hy skep 'n nuwe manier van lewe – *In X*


Hy skep ‘n totaal nuwe manier van saamlewe – *aan mekaar gebind*
Die kerk beliggaam hierdie vrede - ons is God se vertoonvenster
Onderlinge houdings en verhoudings maak dus saak! Nie ongeërg daaroor

# Hoe beliggaam die kerk sy vrede?

**Werk aan ons houdings teenoor mekaar en verhoudings;**

**Neem inisiatief – "*wees die ma!*";**

**Nie  ongeërg teenoor vyandskap, konflik, emosionele uitbarstings nie;**

**Persoonlikhede leer ken en aan skerp kante werk;**

**Dit vra dat ons aan ons 'issues' van die verlede moet deurwerk;**

**Dit vra dat ons aan ons kommunikasiestyl moet werk;**

**Dit vra eerlike gesprekke – nie *fyngevoeligheid* of *dikvelligheid***

**Dit vra volwassenheid**


Hoe wil Paulus hê moet die Gemeente dus anders leef?
Geen geestelike hoogmoed
Geen geestelike minderwaardigheid
Mure afbreek & brûe bou


Waarheen is God met sy kerk op pad?
“Een nuwe mensheid”
“Huisgesin, burgers, gebou”

Here, maak my ’n instrument van u vrede:

waar daar haat is, laat my liefde saai;

waar daar onreg is, vergifnis;

waar daar twyfel is, geloof;

waar daar wanhoop is, hoop;

waar daar duisternis is, lig;

waar daar droefheid is, vreugde.

O Goddelike Meester,

- gee dat ek nie soseer sal soek om vertroos te word as om ander te vertroos nie,
- om verstaan te word as om ander te verstaan,
- om bemin te word as om ander lief te hê.

Want dit is deur te gee dat ons ontvang, dit is deur te vergewe dat ons vergewe word, en dit is deur te sterwe dat ons gebore word tot die ewige lewe.

Amen.



# Waaraan kan die sukses van die Vroeë kerk toegeskryf word?

## God se vertoonvenster van sy vrede

# Gebed



# Lied 284: 1

**Laat Heer u vrede deur my vloei**

**Waar haat is, laat ek daar liefde bring.**

**Laat ek in pyn en**

**smart vertroostend wees**

**En krag gee deur geloof in U, o Heer**

## *Refrein*

***O Heer, help my om altyd so te leef –***

***om ander hoër as myself te ag,***

***Ja, om lief te hê – ander bo myself –***

***en ook eerder te gee as te verwag.***

L 284:2

Laat Heer u vrede deur my vloei

en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.

Ek wil u lig in duisternis laat skyn.

Laat ware vreugde altyd uit my straal

## *Refrein*

*O Heer, help my om altyd so te leef –*

*om ander hoër as myself te ag,*

*Ja, om lief te hê – ander bo myself –*

*en ook eerder te gee as te verwag.*

# L 284:3

**Laat Heer u vrede deur my vloei…**

**Leer my om ook soos U te kan vergeef.**

**Maak my bereid om aan myself te sterf,**

**dat ander U al meer in my kan sien.**


Seën